Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid aan hom verleen by subartikel (2) van artikel *vier* van die Wet op Verpleegsters, 1944, (Wet No. 45 van 1944) sy goedkeuring geheg aan die volgende regulasies wat deur die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad kragtens genoemde artikel van die Wet gemaak is:—

REGULASIES BETREFFENDE DIE BEHANDELING VAN SAKE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSRAAD UITGEVAARDIG INGEVOLGE ARTIKEL *VIER* VAN DIE WET OP VERPLEEGSTERS VAN 1944.

VERKIESING VAN AMPSDRAERS.

1. Wanneer daar, ooreenkomstig die bepalings van artikel *ses* van die Wet, 'n voorsitter gekies word, kies die aanwesige lede 'n tydelike voorsitter, desnoods deur middel van stembriefies, wat deur die registrateur opgeneem word. Die vergadering gaan daarna tot die verkiesing van 'n voorsitter per stembrief oor. Enige lid het die bevoegdheid om per stembrief 'n lid as voorsitter te benoem en die tydelike voorsitter maak die naam van die aldus benoemde lede bekend en reël die stemming per stembrief. Elke stem wat by so'n stemming uitgebring word op 'n persoon wat nie benoem is nie, is geheel en al waardeloos en ongeldig. Wanneer daar net twee persone benoem word, is die eerste stemming per stembrief beslissend, tensy daar staking van stemme is. Wanneer daar meer as twee persone benoem word, word die kandidaat met die kleinste aantal stemme by die eerste stemming uitgeskakel, waarna agtereenvolgens gestem en elke keer een kandidaat uitgeskakel word totdat daar net twee is, wanneer die stemming beslissend is, tensy daar 'n staking van stemme is. Wanneer 'n staking van stemme die uitskakeling van 'n kandidaat op die finale stemming raak, word daar nogmaals per stembrief gestem, en as dit onbeslissend blyk, word die uitslag van die stemming deur die lot beslis.

2. Nadat die voorsitter gekies is, neem hy die voorsitterstoel in en die lede gaan daartoe oor om agtereenvolgens 'n vise-voorsitter en 'n tesourier volgens die prosedure in regulasie 1 vasgestel, te kies, behalwe dat by staking van stemme die voorsitter 'n beslissende stem het.

FUNKSIES VAN AMPSDRAERS.

3. Die voorsitter neem by alle gewone en buitengewone vergaderings van die Raad die voorsitterstoel in en is verantwoordelik vir die behoorlike leiding van die vergaderings; in die afwesigheid van die voorsitter neem die vise-voorsitter die stoel in en as sowel die voorsitter as die vise-voorsitter afwesig is, kies die lede uit hul getal 'n voorsitter vir die vergadering.

4. In die afwesigheid met verlof van die voorsitter, oefen die vise-voorsitter al die funksies aan die amp verbonde, uit.

DEPARTMENT OF PUBLIC HEALTH.

✱ No. 1433.] [12 July 1946.

APPOINTMENT OF SECRETARY FOR PUBLIC HEALTH AND CHIEF HEALTH OFFICER FOR THE UNION.

It is notified for general information that Dr. George William Gale has been appointed Secretary for Public Health and Chief Health Officer for the Union with effect from the 2nd July, 1946, *vice* Dr. Peter Allan, retired.

✱ No. 1434.] [12 July 1946.

SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL.—REGULATIONS MADE UNDER ACT No. 45 OF 1944.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (2) of section *four* of the Nursing Act, 1944 (Act No. 45 of 1944), has approved of the following regulations made by the South African Nursing Council under the said section of the Act.

REGULATIONS FOR THE CONDUCT OF BUSINESS OF THE SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL MADE UNDER SECTION *FOUR* OF THE NURSING ACT OF 1944.

ELECTION OF OFFICE-BEARERS.

1. When about to elect a chairman in accordance with the provisions of section *six* of the Act, the members present shall elect a temporary chairman, by ballot if necessary, which ballot shall be taken by the registrar. The Meeting shall than proceed to the election of a chairman, which shall be by ballot. It shall be competent for any member to nominate by ballot a member for the office of chairman, and the temporary chairman shall announce the names of the members so nominated and arrange for a ballot. Every vote which shall be given at such ballot for a person who has not been nominated shall be wholly void and ineffectual. Should only two persons be nominated the voting on the first ballot shall be final, except in the case of an equality of votes. If more than two persons are nominated the candidate obtaining the lowest number of votes at the first ballot shall be eliminated, and thereafter successive ballots shall be taken and one candidate eliminated each time until only two remain, when the ballot shall be final, except in the case of an equality of votes. In case of an equality of votes affecting the elimination of any candidate or the result of the final ballot a further ballot shall be taken and, if that be indecisive, the result of the ballot shall be decided by drawing lots.

2. The chairman having been elected, will take the chair, and members will proceed to elect successively a vice-chairman and a treasurer, the procedure laid down in regulation 1 being followed, except that in the case of an equality of votes the chairman shall have a casting vote.

THE FUNCTIONS OF OFFICE-BEARERS.

3. The chairman shall preside at all ordinary and special meetings of the Council, and shall be responsible for the proper conduct of the meetings; in the absence of the chairman the vice-chairman shall take the chair, and in the absence of both chairman and vice-chairman the members shall elect from themselves a chairman to preside at the meeting.

4. During the absence on leave of the chairman the vice-chairman shall exercise all the functions of chairman.

5. As sowel die voorsitter, as die vise-voorsitter met verlof afwesig is, kies die lede volgens die prosedure in regulasie 1 vasgestel onmiddellik uit hul getal 'n waarnemende voorsitter en oefen hy al die funksies van die voorsitter uit totdat die voorsitter of vise-voorsitter weer sy diens aanvaar of bedank.

6. Behalwe soos in regulasie 1 bepaal, het die voorsitter van 'n vergadering by staking van stemme 'n tweede of beslissende stem.

7. Ampshalwe is die voorsitter lid van al die komitees van die Raad, dog hy tree nie as voorsitter van hul vergaderings op tensy hy voorsitter van die komitee is nie.

8. Die tesourier hou toesig oor die inkomste en uitgawes van die Raad en dien by elke gewone vergadering van die Raad 'n finansiële verslag, waarin die geldelike verrigtings van die Raad sedert die vorige vergadering aangegee word, in. Indien moontlik word hierdie verslag saam met die kennisgewing wat die vergadering byeenroep, uitgestuur.

VERGADERINGS.

9. Die datum of waarskynlike datum en plek van elke gewone vergadering van die Raad word deur die Raad op sy vorige vergadering bepaal.

10. Die voorsitter kan buitengewone vergaderings belê as minstens vyf van die lede skriftelik daarom aansoek doen; die aansoek moet die doel waarvoor die vergadering byeengeroep word, duidelik vermeld.

11. Kennisgewing van gewone en buitengewone vergaderings word deur die registrateur onderteken en moet die sake wat op die vergadering behandel word, vermeld. Hulle moet deur die pos of met die hand aan elke lid besorg word en, in die geval van gewone vergaderings, minstens veertien (14) dae voor die vasgestelde datum van die vergadering uitgestuur word. Vir buitengewone vergaderings word kennis gegee wat na die mening van die voorsitter voldoende is en, indien nodig, kan die kennisgewing per telegram of telefoon geskied.

12. Alle gewone en buitengewone vergaderings van die Raad is vir die publiek toeganklik, dog enige lid het die bevoegdheid om te eniger tyd voor te stel dat die Raad in komitee sit om 'n besondere punt te bespreek en as die voorstel gesekondeer en aangeneem is, moet nie-lede die vergadering verlaat.

13. Geen ander sake as dié in die betrokke kennisgewing genoem, word op 'n vergadering behandel nie, behalwe die wat die Raad as dringend besluit om te behandel.

14. Die Raad kan 'n vergadering tot enige dag of uur verdaag, dog op 'n verdaagde vergadering moet geen ander sake behandel word nie behalwe sake uiteengesit in die kennisgewing wat die vergadering waarvan dit 'n verdaging is, byeenroep; met uitsondering van sake wat voorgelê word soos in regulasie 13 bepaal.

15. Die registrateur hou 'n presensielys waarin hy die name van al die lede wat elke vergadering bywoon, aanteken.

16. Op die bepaalde uur neem die voorsitter die voorsitterstoel in, en as daar na verloop van 'n kwartier geen kworum teenwoordig is nie, kan hy die vergadering as verdaag verklaar tot 'n datum en uur wat hy bepaal.

17. Nege lede (waarvan minstens vyf verpleegsters is), maak 'n kworum by 'n vergadering van die Raad uit.

18. 'n Lid wat 'n saak aan die Raad wil voorlê, moet die registrateur minstens dertig (30) dae voor die datum waarop 'n vergadering byeengeroep word skriftelik daarvan in kennis stel; en so'n kennisgewing van mosie moet in die kennisgewing wat die vergadering byeenroep vermeld word en saam met ander sake in volgorde aan die Raad voorgelê word.

19. Geen onderwerp word behandel sonder behoorlike kennisgewing ooreenkomstig regulasie 18 nie, tensy die toestemming van die vergadering verkry is om die saak as 'n mosie in te dien. As daar geen sekondant is nie, word die mosie nie verder behandel nie.

5. If both the chairman and vice-chairman have been given leave of absence the members present at the first meeting of the Council thereafter shall, following the procedure in regulation 1, forthwith from among themselves elect an acting chairman who shall exercise all the functions of chairman until the chairman or vice-chairman resumes duty or vacates office.

6. The chairman presiding at a meeting shall, in case of an equality of votes, have a second or casting vote except as provided in regulation 1.

7. The chairman shall be *ex officio* a member of all committees of the Council, but shall not preside at meetings of such committees unless he is chairman of the committee.

8. The treasurer shall superintend the details of income and expenditure of the Council, and shall at each ordinary meeting submit a financial statement showing the Council's transactions since the previous meeting. This statement shall, if possible, be sent out with the notice calling the meeting.

MEETINGS.

9. The date, or approximate date, and place of each ordinary meeting of the Council shall be fixed by the Council at its previous meeting.

10. Special meetings may be convened by the chairman, and shall be convened by him upon the written requisition of at least five members; such requisition must state clearly the purposes for which the meeting is to be convened.

11. Notices convening ordinary and special meetings shall be signed by the registrar, and shall specify the business to be transacted at the meeting. They shall be sent by post or by hand to each member and be issued, in the case of ordinary meetings, at least fourteen (14) days before the date for which the meeting is convened. In the case of special meetings such notice shall be given as the chairman may deem sufficient and, if necessary, may be given by telegram or telephone.

12. All ordinary and special meetings of the Council shall be open to the public, but it shall be competent for a member to move at any time that the Council go into committee to discuss any particular item of business and if such a motion be seconded and carried non-members shall retire.

13. No business shall be transacted at a meeting other than that specified in the notice relating thereto, except matters which the Council shall resolve to deal with as urgent.

14. The Council may adjourn a meeting to any day or hour, but no business shall be transacted at an adjourned meeting except such as was set out in the notice convening the meeting of which it is an adjournment, other than matters which are brought forward in accordance with regulation 13.

15. An attendance register shall be kept by the registrar, who shall enter therein the names of all members attending each meeting.

16. The chairman shall take the chair at the appointed hour, and if at the expiration of a quarter of an hour there shall not be a quorum present he may declare the meeting postponed to a day and hour to be fixed by him.

17. Nine members (of whom not less than five shall be nurses) shall constitute a quorum at any meeting of the Council.

18. Any member desirous of bringing any matter before the Council shall forward in writing to the registrar, at least thirty (30) days before the date on which a meeting is to be convened, notice of motion thereof, which notice of motion shall be published in the notice convening the meeting and shall be considered in rotation with the other business to be brought before the Council.

19. No matter shall be considered unless due notice has been given in accordance with regulation 18, unless permission is obtained from the meeting to bring it forward as a motion. Should the motion find no seconder, it shall not be further considered.

KOMITEES.

20. Op sy eerste vergadering in elke jaar stel die Raad die volgende komitee aan om tot die eerste vergadering van die Raad van die volgende jaar te fungeer:—

Uitvoerende Komitee.—Bestaande uit sewe lede waarvan minstens drie verpleegsters en een 'n vroedvrou is, met die voorsitter ampshalwe.

21. Die kworum ten opsigte van die Komitee in regulasie 20 vermeld is vier, waarvan drie verpleegsters of vroedvroue moet wees.

22. Die Uitvoerende Komitee oorweeg, doen verslag oor en behandel, waar dringend noodsaaklik, alle aangeleenthede wat nie in die opdrag aan ander komitees vervat is nie.

23. Ander komitees kan op enige gewone vergadering van die Raad aangestel word; die komitees fungeer tot die eerste vergadering van die Raad in die volgende jaar. Die bevoegdhede en pligte van die komitees word in die besonder deur die Raad aan hul opgedra. Die Raad kan te eniger tyd 'n opdrag aan 'n komitee herroep, uitbrei of wysig.

24. Die lede van elke komitee, behalwe die Uitvoerende Komitee waarin die voorsitter van die Raad as voorsitter optree, kies op sy eerste vergadering 'n voorsitter wat die amp moet beklee en die komitee byeenroep tot die volgende eerste jaarvergadering van die Raad. As die voorsitter bedank word 'n ander voorsitter op die volgende vergadering van die komitee gekies, en as hy met verlof afwesig is, word 'n ander voorsitter gekies om gedurende sy afwesigheid op te tree.

25. Enige komitee kan 'n saak vir ondersoek en verslag na 'n subkomitee van sy lede verwys.

26. As die Raad nie sit nie, verwys die registrateur waar moontlik alle sake wat in die opdrag aan 'n komitee vervat is, na die komitee, en bring die komitee indien moontlik, op die volgende vergadering van die Raad verslag daaroor uit. Hierdie reëling is nie van toepassing op gewone roetine-aangeleenthede, of op sake waarvan die beginsel reeds by regulasie of deur besluit van die Raad bepaal is nie.

27. Die reglement van orde soos hierin bepaal vir die hou van gewone en buitengewone vergaderings is *mutatis mutandis* van toepassing op komiteevergaderings.

28. Wanneer aan enige lid van die Raad verlof van afwesigheid van die vergaderings van die Raad en komitees verleen is, kan die Raad 'n ander lid aanstel om gedurende die afwesigheid met verlof van die lid in sy plek in enige komitee op te tree.

29. As daar gedurende die tydperk tussen vergaderings van die Raad 'n vakature in enige van die komitees ontstaan, kan die Uitvoerende Komitee 'n lid aanstel om die vakature te vul en moet die aldus aangestelde persoon die amp beklee tot die volgende gewone vergadering van die Raad.

30. Elke lid van die Raad kan enige vergadering van enige permanente komitee waarvan hy nie lid is nie, bywoon maar is nie geregtig op die gelde of toelaes wat vir die bywoon van sulke vergaderings betaal word nie. Elke lid van die Raad kan by die registrateur 'n algemene of spesifieke versoek aanteken om betyds in kennis gestel te word van die datum, plek en agenda van enige vergadering of van al die vergaderings van 'n permanente komitee en word dan, as die tyd dit toelaat, aldus in kennis gestel. Die voorsitter van die komitee kan so'n besoekende lid toelaat om te praat, dog nie om te stem nie. Komitees is bevoeg om addisionele lede wat lede van die Raad is, vir spesiale doeleindes tydelik op te neem.

31. Afskrifte van komiteeverslae vir voorlegging aan 'n vergadering word, waar moontlik, saam met die kennisgewing wat die vergadering byeenroep aan elke lid van die Raad gestuur.

COMMITTEES.

20. The Council shall, at its first meeting in each year, appoint the following committee, which shall function until the first meeting of the Council in the following year:—

Executive Committee.—Consisting of seven members of which at least three shall be nurses and one a midwife, with the chairman *ex officio*.

21. The quorum of the committee mentioned in regulation 25 shall be four, of whom three shall be nurses or midwives.

22. The Executive Committee shall consider and report on, and if urgently necessary deal with all matters which do not come within the terms of reference of other committees.

23. Other committees may be appointed at any ordinary meeting of the Council; such committees shall function until the first meeting of the Council in the following year. The powers and duties of committees shall be specially delegated to them by the Council. The Council may at any time withdraw any reference to a committee, or extend or modify the terms of reference of a committee.

24. The members of each committee, with the exception of the Executive Committee of which the chairman of the Council shall be chairman, shall, at its first meeting elect a chairman who shall hold office and be the convenor of such committee until the first meeting of the Council in the following year. If such chairman should resign, another chairman shall be elected at the next meeting of the committee, and if he should be granted leave of absence another chairman shall be elected to act during his absence.

25. Any committee may refer a matter to a subcommittee of its members for investigation and report.

26. The registrar shall, when the Council is not sitting, refer, as far as possible, all matters within the terms of reference of a committee to such committee, and such committee shall, if possible, report thereon to the next meeting of the Council. This rule shall not apply to matters or ordinary routine or such matters the principle of which has already been laid down by rule or resolution of the Council.

27. The rules of order laid down herein for the conduct of ordinary and special meetings shall apply, *mutatis mutandis*, to meetings of committees.

28. When any member of the Council is granted leave of absence from the meetings of the Council and and committees, the Council may appoint another member to act on any committee during the absence of the member on leave.

29. Should a vacancy on any committee occur during an interval between meetings of the Council, the Executive Committee may appoint a member to fill such vacancy and the person so appointed shall hold office until the next ordinary meeting of the Council.

30. Every member of the Council may attend any meeting of any standing committee of which he is not a member but shall not be entitled to fees or allowances for attending such meetings. Every member of the Council may register with the registrar a general or specific request to be furnished with timely notice of the date, place and agenda of any meeting or all meetings of a standing committee and shall thereupon, whenever time permits, be so supplied. The chairman of the committee may permit a member so attending to speak, but not to vote. Every committee shall have the power to co-opt temporarily any member of the Council as an additional member for special purposes.

31. Copies of reports of committees for submission to a meeting shall, when practicable, be forwarded to each member of the Council with the notice convening the meeting.

NOTULE.

32. Die verrigtings van vergaderings van die Raad word bewaar in die vorm van getikte notule, wat ná goedkeuring op die volgende vergadering deur ondertekening van die voorsitter bekragtig word.

33. In die notule van elke vergadering moet 'n opsomming vervat word van die sake wat behandel is en die mosies en wysigings wat voorgestel en aangeneem of verwerp is (genotuleer in die taal waarin hul voorgestel is), met die name van voorsteller en sekondant, dog sonder enige op- of aanmerking van die lede.

34. Die registrateur stuur aan elke lid van die Raad so gou doenlik na afloop van elke vergadering 'n afskrif van die notule daarvan en ook van die notule van die permanente komitees van die Raad.

35. Die notule kan as gelees beskou word; met dien verstande dat enige lid 'n voorstel kan maak dat sekere notule gelees word met die oog op verbeterings of toevoegings wat daaraan nodig mag blyk.

AGENDA EN BESPREKINGS.

36. Die Raad vergader op die eerste dag van 'n sitting op 'n uur en plek wat deur die voorsitter bepaal word en in die kennisgewing wat die vergadering byeenroep, vermeld word. Die vergadering kan van tyd tot tyd op voorstel van 'n lid, behoorlik gesekondeer en goedgekeur, verdaag word.

37. Met die opening van elke afsonderlike sitting van die Raad word daar vir die lede van die Raad geleentheid verskaf om vrae te stel aangaande die werk van die Raad en moet die vrae, indien moontlik, dadelik of, indien nie moontlik nie, by 'n latere sitting deur die voorsitter of deur 'n ampsdraer of beampte wat die voorsitter aanwys, beantwoord word. Geen bespreking daarvan word toegelaat nie.

38. Die volgorde van die verrigtings by alle gewone vergaderings is as volg:—

Notule van die vorige vergadering.
Finansiële verslag van die tesourier.
Verslag van die registrateur oor registrasies wat aangeteken is.
Verslae van permanente komitees.
Verslae van ander komitees.
Verslae wat van vorige vergaderings oorgestaan het.
Kennisgewings van mosie oorgestaan van vorige vergaderings.
Nuwe kennisgewings van mosie.
Ander sake.

39. Lede wat oor 'n onderwerp wil praat moet van hulle sitplekke opstaan en die voorsitter toespreek; dog hierdie vereiste is nie van toepassing op vergaderings van die Raad in komitee of op vergaderings van enige komitee van die Raad nie.

40. As 'n lid 'n verslag voorlê stel hy voor „Dat die verslag ontvang word." As die Raad besluit om die verslag in sy geheel aan te neem, bring die voorsitter van die Raad daarop die aanbevelings soos daarin vervat agtereenvolgens voor (tensy hy dit goed dink om die volgorde te wysig). 'n Aanbeveling of wysiging daarvan waaroor die Raad dit eens is, word onmiddellik 'n raadsbesluit.

Die voorsitter kan ná goeddunke by die indien van 'n mosie vooraf kortliks die essensiële feite wat as aanleiding tot die voorstel gedien het, verduidelik of hy kan 'n ander lid gelas om dit te doen.

41. Die voorsitter van 'n komitee of ander lid wat 'n verslag voorlê, word as voorsteller van elke aanbeveling in die verslag beskou. Wanneer alle aanbevelings van 'n verslag of die wysigings daarvan aangeneem is, stel die lid wat die verslag indien, voor: „Dat die verslag, soos gewysig, aangeneem word."

42. Geen lid moet die Raad meer as *een keer* oor enige mosie of wysiging toespreek nie, behalwe met toestemming van die Raad. Hierdie beperkings is nie van toepassing op vergaderings van komitees van die Raad nie. Die voorsteller van 'n oorspronklike mosie kan egter antwoord, dog hy moet hom stip be-

MINUTES.

32. The proceedings of meetings of the Council shall be preserved in the form of typewritten minutes authenticated, after confirmation, at the next meeting by the signature of the chairman.

33. The minute of each meeting shall contain a résumé of the subject matter dealt with, and such motions and amendments as have been proposed and adopted or negatived, recorded in the language in which proposed, with the names of the proposer and seconder, but without any comment or observation of the members.

34. The Registrar shall forward a copy of the minutes of each meeting including the minutes of the standing committees of the Council to all members of the Council, as soon as reasonably possible after the meeting has been held.

35. The minutes may be taken as read, provided that any member may move that a certain minute should be read with a view to such correction therein or addition thereto as may be found necessary.

ORDER OF BUSINESS AND DEBATE.

36. The Council shall meet on the first day of a session at an hour and place to be fixed by the chairman, and stated in the notice calling the meeting. The meeting may be adjourned from time to time on the motion of a member which has been duly seconded and agreed to.

37. At the opening of each separate sitting of the Council, opportunity shall be given to members of Council to put questions regarding the work of the Council, which questions shall be answered forthwith, if possible, or, if not, at a later sitting by the chairman or by such office-bearer or official as the chairman may direct. No discussion thereon shall be permitted.

38. The order of business at every ordinary meeting shall be as follows:—

Minutes of previous meeting.
Financial statement by treasurer.
Report of registrar on registrations effected.
Reports of standing committees.
Reports of other committees.
Reports deferred from previous meetings.
Notices of motion transferred from previous meetings.
New notices of motion:
Other business.

39. Members desiring to speak on any subject shall rise from their seats and address the chair, but this requirement shall not apply to meetings of the Council-in-Committee nor to meetings of any committee of the Council.

40. The member bringing up a report shall move: "That the report is received." The Council having agreed to receive the report, as a whole, the chairman of the Council shall thereupon put the recommendations therein contained seriatim (unless for good cause he sees fit to vary their order). If the Council agree with a recommendation, or its amendment, the same shall forthwith become a resolution of the Council. The chairman may, if he should see fit, preface the moving of a motion by a brief explanation of the essential facts leading to the introduction of the same, or may instruct another member to do so.

41. The chairman of a committee or other member bringing up a report shall be held to move each recommendation contained in the report. When the recommendations of a report or their amendments have been agreed to, the member bringing up the report shall move: "That the report, as amended, be now adopted."

42. No member shall address the Council more than *once* on any motion or amendment, except with the permission of the Council. These restrictions shall not apply to meetings of any committees of the Council. The mover of an original motion may, how-

paal by die beantwoording van vorige sprekers en niks nuuts by die bespreking voeg nie. Die reg van repliek word nie aan die voorsteller van 'n wysiging verleen nie.

43. Die voorsitter bepaal die aandag van die Raad by enige herhaalde afwykings van die punt, vervelende herhalings, onhebbelike taal of enige versteuring van orde deur 'n lid en gelas die lid, as hy praat, om nie verder in die gewraakte spreektrant voort te gaan nie of, by aanhoudende minagting van die gesag van die voorsitter, gelas hy hom om hom vir die res van die sitting te verwyder.

44. Wanneer die voorsitter die Raad toespreek, of onder 'n bespreking tussenbeide kom, gaan die lid wat praat voorlopig sit.

45. Elke lid, of hy al oor die onderwerp onder bespreking gepraat het al dan nie, kan opstaan op 'n punt van orde om te verduidelik dog die verduideliking moet beperk word tot 'n gedeelte van 'n toespraak wat van belang is of 'n verklaring wat nie goed begryp word nie. 'n Lid wat aldus opstaan het die reg om onmiddellik gehoor te word.

46. Alle mosies en wysigings moet, tensy andersins deur die voorsitter toegelaat, skriftelik en deur die voorsteller onderteken, ingedien word en, voordat ander lede daaroor praat, deur die voorsitter, of die registrateur met toestemming van die voorsitter, voorgelees en gesekondeer word. Alle formele wysigings moet sodanig opgestel word dat hul as afsonderlike mosies voorgelees kan word.

47. 'n Wysiging moet betrekking hê op die mosie waarin 'n wysiging be-oog word en moet 'n oorspronklike mosie nie sodanig verander dat dit feitlik 'n nuwe mosie word nie.

48. Geen mosie of wysiging kan, nadat dit deur die voorsitter of met sy toestemming voorgelees is, teruggetrek word nie behalwe met toestemming van die Raad.

49. Die sekondant van 'n mosie of wysiging kan sy toespraak tot op enige stadium van die bespreking uitstel.

50. As 'n wysiging voorgestel word, kan ander wysigings daarop volg en kom die laaste wysiging die eerste onder bespreking.

51. As alle wysigings verwerp word, word daar oor die oorspronklike mosie gestem.

52. As 'n wysiging aangeneem word, word dit as 'n selfstandige mosie beskou en wat verdere wysigings betref en in alle ander opsigte, as oorspronklike mosie behandel.

53. Wanneer 'n mosie onder bespreking is, word geen ander voorstel toegelaat behalwe een van die volgende nie:—

(i) 'n Wysiging, nl. ,, dat die mosie as volg gewysig word . . . . ''

(ii) Die vorige vraag, nl. ,, dat die vraag nie nou behandel word nie.''

(iii) Die uitstel van die vraag, nl. ,, dat die vergadering nou oorgaan tot die volgende punt van die agenda.''

(iv) Die beëindiging, nl. ,, dat die vraag nou behandel word.''

(v) Die verdaging van die bespreking, nl. ,, dat die bespreking van die mosie nou verdaag word.''

(vi) Die verdaging van die Raad, nl. ,, dat die Raad nou verdaag.''

54. Wanneer 'n wysiging onder bespreking is, word geen ander voorstel toegelaat behalwe een van die volgende nie:—

(i) Die beëindiging, nl., ,, dat die vraag nou behandel word.''

(ii) Die verdaging van die bespreking, nl., ,, dat die bespreking van die mosie nou verdaag word.''

(iii) Die verdaging van die Raad, nl., ,, dat die Raad nou verdaag.''

55. Die voorstel van die vorige vraag moet ingedien en gesekondeer word sonder bespreking en kan slegs ingedien word wanneer die hoofvraag onder bespreking is. In die geval van 'n wysiging is dit nie toelaatbaar

ever, reply, but he shall strictly confine himself to answering previous speakers, and shall not introduce any new matter into the debate. The right of reply shall not extend to the mover of an amendment.

43. The chairman shall call the attention of the Council to continued irrelevance, tedious repetition, unbecoming language or any breach of order on the part of a member and shall direct such member, if speaking, to discontinue speaking in the manner to which exception is taken, or, in the event of persistent disregard of the authority of the chair, to retire for the remainder of the sitting.

44. Whenever the chairman addresses the Council or intervenes during a debate, any member speaking shall temporarily resume his seat.

45. Any member, whether he has spoken on the matter under discussion or not, may rise to a point of order or in explanation, but such explanation shall be confined to some material part of a speech or statement which may have been misunderstood. A member so rising shall be entitled to be heard forthwith.

46. All motions and amendments shall, unless otherwise permitted by the chairman, be committed to writing and signed by the mover, and, before they are spoken to by other members, shall be read from the chair or by the registrar under the authority of the chair, and seconded. All formal amendments shall be framed so that they may be read as independent motions.

47. An amendment must be relevant to the motion it is intended to amend and must not alter the original motion in such a way as to make it virtually a new motion.

48. No motion or amendment shall be withdrawn after having been read from the chair, or by the authority of the chair, unless by permission of the Council.

49. The seconder of a motion or of an amendment may reserve his speech to any period of the debate.

50. If an amendment be proposed, it may be followed by other amendments, and the last amendment shall be considered first.

51. Should every amendment be negatived, the original motion shall then be put to the vote.

52. If an amendment be carried it shall then be regarded as a substantive motion and treated as to further amendments and in all other respects, as an original motion.

53. When a motion is under debate no further proposal shall be received except one of the following:—

(i) An amendment, namely, " that the motion be amended as follows ..... "

(ii) The previous question, namely, " that the question be not now put."

(iii) The postponement of the question, namely, " that the meeting do proceed to the next business."

(iv) The closure, namely, " that the question be now put."

(v) The adjournment of the debate, namely, " that the debate on the motion be adjourned."

(vi) The adjournment of the Council, namely, " that the Council be now adjourned."

54. When an amendment is under debate no further proposal shall be received except one of the following:—

(i) The closure, namely, " that the question be now put."

(ii) The adjournment of the debate, namely, " that the debate on the motion be adjourned."

(iii) The adjournment of the Council, namely, " that the Council be now adjourned."

55. The proposal for the previous question shall be made and seconded without debate and may be put only when the main question is under discussion. It shall be incompetent in the case of an amendment.

nie. Word die voorstel aangeneem, val die hoofvraag van die agenda weg. Word dit verwerp, word die hoofvraag onmiddellik deur die vergadering behandel. Die voorsitter het diskresionêre bevoegdheid om die voorstel te weier.

56. Die voorstel vir die uitstelling van die vraag (wat 'n datum vir die verdere oorweging van die vraag kan meld), word ingedien en gesekondeer sonder bespreking en kan te enige tyd ingedien word asook gedurende 'n wysiging. Word die voorstel aangeneem, val die vraag van die agenda weg. Word die voorstel verwerp, gaan die bespreking voort.

57. Die voorstel vir die beëindiging word ingedien en gesekondeer sonder bespreking en onmiddellik behandel. Word die voorstel aangeneem, stem die Raad onmiddellik oor die mosie of wysiging onder bespreking.

58. Word die voorstel vir die verdaging van die bespreking aangeneem, gaan die Raad oor tot die volgende punt van die agenda en die bespreking word hervat met die volgende gewone vergadering van die Raad. Die voorsteller van die vergadering het die reg, by hervatting van die bespreking, om die eerste die Raad toe te spreek.

59. Word die voorstel vir die verdaging van die Raad ingedien en gesekondeer, het die voorsitter die bevoegdheid om, voordat hy dit aan die vergadering voorlê, die mening van die Raad te verneem of hy voor die sluiting van die sitting tot die behandeling van onbestrede sake wil oorgaan.

60. Behalwe soos hieronder bepaal, wanneer 'n saak tot stemming gebring word, versoek die voorsitter, nadat hy eers vasgestel het hoeveel lede daar teenwoordig is, dat daar vir of teen die mosie of wysiging gestem word deur die hande op te steek; waarna hy verklaar dat dit hom voorkom asof die stemming daarvoor of daarteen is, al na die geval. Elke lid van die Raad wat aanwesig is wanneer daar gestem word, moet stem. Enige lid van die Raad kan eis dat die name of die getalle, of sowel name as getalle van die lede wat vir of teen die mosie of wysiging gestem het, in die notule opgeneem word. 'n Lid het ook die bevoegdheid om te versoek dat die stemming per stembrief geskied, en die versoek word toegestaan as dit deur drie ander lede ondersteun word.

61. 'n Mosie dat 'n besluit wat op 'n vorige vergadering geneem is herroep word, word oorweeg slegs in gevalle waar daar soos in hierdie regulasies bepaal, behoorlik kennis gegee is van die voorneme om so'n mosie in te dien. Die mosie word aangeneem as die meerderheid van die stemme ten gunste daarvan is, maar as so'n mosie tot herroeping gedurende 'n latere sitting van dieselfde vergadering ingedien word, word dit aangeneem slegs as twee-derdes van die stemme ten gunste daarvan is.

62. Die Registrateur neem in die notule enige beslissings van die voorsitter met betrekking tot die verfolking van hierdie reglement op, as 'n lid ten tyde van die beslissing daarom vra.

63. Kennis van 'n mosie kan gegee word om enige beslissing van die voorsitter in hersiening te neem, en wanneer dit gegee word, word die uitvoerende komitee gelas om die beslissing te oorweeg en daaroor aan die Raad te rapporteer; dit word ook op die agenda geplaas.

64. Die beslissing van die voorsitter van 'n komitee oor 'n punt van orde kan, op versoek van twee lede van die komitee wat aanwesig was op die vergadering waarop die beslissing gegee is, in hersiening geneem word deur die Uitvoerende Komitee wat, na goeddunke, kan gelas dat die beslissing geskrap of gewysig word; en aan die beslissing van die Uitvoerende Komitee moet deur die voorsitter van die komitee wie se beslissing in twyfel getrek is, uitvoering gegee word tensy en totdat dit deur die Raad nietig verklaar word.

If the proposal is carried the main question shall be dropped from the programme of business. If it is lost the main question shall be put to the meeting at once. The chairman shall have the discretionary power to refuse the motion.

56. The proposal for the postponement of the question (which may specify a date for the further consideration of the question) shall be made and seconded without debate and may be moved at any time including during an amendment. If the proposal is carried the question shall be dropped from the programme of business. If it is lost the debate shall proceed.

57. The proposal for the closure shall be made and seconded without debate and shall be put forthwith. Should the proposal be carried, the motion or amendment under debate shall at once be voted on by the Council.

58. If the proposal for the adjournment of the debate is carried, the Council shall pass to the next item on the programme of business and the debate shall be resumed at the next ordinary meeting of the Council. The proposer of the adjournment shall, on the resumption of the debate, be entitled to speak first.

59. If the proposal for the adjournment of the Council is proposed and seconded, it shall be competent for the Chairman, before putting the question, to take the opinion of the Council as to whether it will, before rising, proceed to the transaction of unopposed business.

60. Except as provided hereunder, when a question is put to the vote the chairman, having first ascertained the number of members present, shall ask for a show of hands for or against the motion or amendment and shall then declare that the vote appears to him to be in the affirmative or the negative, as the case may be. Every member of the Council present when a vote is taken shall vote. Any member of the Council may require that the numbers or the names, or both the numbers and the names, of the members voting for or against the motion or amendment shall be entered in the minutes. It shall, however, be competent for a member to ask for a vote by ballot, and such request shall be granted if three other members support it.

61. A motion to rescind a resolution which has been passed at a previous meeting shall be considered only if due notice of the intention to move such a resolution has been given as laid down in these regulations. It shall be passed if a majority of the votes is recorded in its favour, but if such motion to rescind be moved during any subsequent sitting of the same meeting, it shall be passed only if two-thirds of the votes recorded are in its favour.

62. The registrar shall embody in the minutes any rulings of the chairman as to the interpretation of these rules, if so requested by a member at the time of the ruling.

63. Notices of motion may be given to review any ruling of the chairman, and when given shall constitute an instruction to the Executive Committee to consider and report to the Council on such ruling, and must be placed on the agenda.

64. The ruling of the chairman of any committee on a point of order may, on the request of any two members of the committee present at the meeting at which such ruling was given, be reviewed by the Executive Committee, who may, if they think fit, direct that such ruling shall be cancelled or amended, and, the decision of the Executive Committee shall be acted on by the chairman of the committee whose ruling is called in question unless and until reversed by the Council.

As 'n beslissing van die voorsitter van die Uitvoerende Komitee in twyfel getrek word, verlaat die voorsitter die stoel terwyl die saak bespreek word; met dien verstande egter dat geen beslissing bespreek of hersien kan word op 'n vergadering van die komitee waarop dit gegee is nie.

65. As 'n lid dit nie met die meerderheid eens is nie en hy sy meningsverskil genotuleer wil hê, gee hy dit dadelik te kenne, en die verskil word dan in die notule opgeneem.

66. Enige permanente order van die Raad kan opgehef word as 'n mosie met betrekking daartoe by meerderheid van stemme aangeneem word.

67. Geen wysiging van die Raad se regulasies word oorweeg tensy skriftelike kennis van mosie daarvan gegee word nie. So'n mosie word op die kennisgewing wat die volgende vergadering van die betrokke komitee van die Raad byeenroep vir oorweging geplaas en as dit deur so'n komitee aangeneem word, word die wysiging in die besonder aangegee of word in die kennisgewing wat die volgende vergadering van die Raad byeenroep, daarna verwys, vir oorweging deur die Raad voordat dit aangeneem word.

Gelde en toelaes aan lede.

68. Aan lede wat na vergaderings van die Raad of 'n komitee of, in verband met ander sake van die Raad reis, word die werklike reisgeld per trein, lugvaart of boot vergoed of, as hul nie per spoor, lugvaart, of stoomboot reis nie, 'n motortoelae teen ses pennies (6d.) per myl. Terwyl hulle reis of op die plek van die vergadering moet vertoef, word ook 'n toelae vir verblyfkoste teen een pond en vyf sjielings (£1. 5s.) vir die eerste dag of gedeelte daarvan betaal, en daarna twaalf sjielings en ses pennies (12s. 6d.) per twaalf uur of gedeelte daarvan as die plek van die vergadering of besigheid meer as dertig myl van die dorp waar hul woon is; geen dergelike toelae vir verblyfskoste word egter vir die tydperk wanneer hul per stoomboot reis, betaal nie.

69. Aan lede wat na 'n vergadering, of vir ander sake van die Raad reis, word 'n vergoeding van drie ghienies (£3. 3s.) vir die eerste dag of gedeelte daarvan, en daarna een pond, elf sjielings en ses pennies (£1. 11s. 6d.) per twaalf uur of gedeelte daarvan betaal vir die tyd wat hulle afwesig is van die dorp waar hulle woon. Aan lede wat in 'n dorp woon waar die vergadering gehou of die sake verrig word, word die vergoeding vir lede betaal.

70. Aan lede word die vergoeding en toelaes betaal slegs op die grondslag dat hul langs die korste en mees ekonomiese roete gereis het. Hul word nie vir oponthoud, behalwe weëns sake van die Raad, betaal nie.

Pligte van registrateur.

71. Die Registrateur kom al die pligte na wat volgens wet of reglement of besluit van die Raad, op hom rus of van hom vereis word, en is as sodanig die hoof-administratiewe beampte van die Raad. Hy is verantwoordelik vir die behoorlike reëling van die Raad se werksaamhede en beheer in die algemeen die kantooraangeleenthede, die klerke en bediendes en hou toesig oor die kantoor; hy woon alle gewone en buitengewone vergaderings by en, wanneer moontlik, komiteevergaderings en hou die notule van die verrigtings van die vergaderings.

Kantoorure.

72. Behalwe op publieke vakansiedae, is die Raad se kantoor vir die publiek van 8 vm. tot 1 nm. en van 2 nm. tot 4.30 nm. oop op Maandae, Dinsdae, Donderdae en Vrydae, van 8 vm. tot 1 nm. op Woensdae en van 8 vm. tot 12 middag op Saterdae. Die Registrateur en personeel moet gedurende dié ure, en verder wanneer dit nodig is, op kantoor wees.

If any ruling of the chairman of the Executive Committee is called in question, the chairman shall vacate the chair while the matter is under discussion, provided, however, that no ruling can be discussed or reviewed during the meeting of the committee at which it has been given.

65. If any member dissents from the opinion of the majority and wishes to have his dissent recorded, he shall state so forthwith; such dissent shall then be entered in the minutes.

66. Any standing order of the Council may be suspended if a motion to that effect be carried by a majority of votes.

67. No amendments to the Council's regulations shall be considered unless notice of motion thereof in writing is given. Such motion shall be placed on the notice convening the next meeting of the appropriate committee of the Council for consideration and if passed by such committee the amendment shall be specially set out or referred to on the notice convening the next meeting of the Council, for consideration by the Council, before adoption.

Members Fees and Allowances.

68. Members travelling to meetings of the Council or any committee, or on other business of the Council, shall be paid their actual railway, air or steamship fares, or, if unable to travel by rail, air or steamship, motor allowance at the rate of sixpence (6d.) per mile. They will also be paid whilst travelling or detained at the place of meeting a subsistence allowance of one pound and five shillings (£1. 5s.) for the first day or part thereof and thereafter twelve shillings and sixpence (12s. 6d.) for every twelve hours or part thereof, if the place of meeting or business is more than thirty miles from the town in which they reside, but no such subsistence allowance shall be paid in respect of any period during which they are travelling by steamship.

69. Members travelling to a meeting, or on other business of the Council, shall be paid member's fees of three guineas (£3. 3s.) for the first day or part thereof and thereafter one pound eleven shillings and sixpence (£1. 11s. 6d.) for every twelve hours or part thereof, whilst away from the town in which they reside. Members residing in a town in which a meeting is held or the business transacted, will be paid member's fees at the same rates.

70. Members will only be paid fees and allowances on a basis of having travelled by the most expeditious and economical route. They will not be paid for detention other than on the business of the Council.

Duties of Registrar.

71. The registrar shall fulfil all the duties devolving upon or that may be required of him by law, the standing orders, or by resolution of the Council, and as such shall be the chief administrative official of the Council. He shall be responsible for the proper conduct of the Council's business and shall have general control of the management of the office, authority over the clerks and servants and superintendence of the offices; he shall attend all ordinary and special meetings and, whenever possible, meetings of committees, and shall take and keep minutes of the proceedings at such meetings.

Office Hours.

72. The Council's offices, except on public holidays, shall be open to the public from 8.30 a.m. to 1 p.m. and 2 p.m. to 4.30 p.m., on Mondays, Tuesdays, Wednesdays, Thursdays and Fridays, and from 8.30 a.m. to 12.30 p.m. on Saturdays. The registrar and staff shall attend at the offices during those hours and at such other times as may be necessary.

FINANSIEEL.

73. 'n Bankrekening word op naam van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad by 'n tak van Barclaysbank geopen en alle gelde deur die registrateur namens die Raad ontvang, word in die rekening gestort.

74. Die registrateur hou boeke waarin alle inkomste en uitgawes van die Raad aangeteken word, en die boeke met stukke ter staving word so spoedig moontlik na die einde van Junie en Desember van elke jaar vir ouditering voorgelê.

75. Alle uitbetalings op rekening van die Raad geskied, behalwe soos hieronder bepaal, per tjek getrek op die bankrekening van die Raad en geteken deur die tesourier en registrateur namens die Raad, of in die afwesigheid van een van beide, deur 'n lid van die Raad deur die voorsitter en òf die tesourier òf die registrateur wie ook al beskikbaar is, aangewys.

76. 'n Bedrag van twintig pond (£20) word aan die registrateur voorgeskiet om klein uitgawes wat van tyd tot tyd nodig word, te bestry.

77. Alle uitbetalings word op die eersvolgende vergadering vir goedkeuring aan die Uitvoerende Komitee voorgelê en geen twyfelagtige vorderings word betaal alvorens die komitee die betaling goedgekeur het nie.

78. In hierdie regulasies beteken „die Wet" die Wet op Verpleegsters, 1944 (Wet No. 45 van 1944), en „Registrateur" beteken die beampte aangestel kragtens artikel 10 van die Wet.

'n Woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis toegeken is, het, wanneer dit in hierdie regulasies gebesig word, dieselfde betekenis.

FINANCIAL.

73. A banking account shall be opened in the name of the South African Nursing Council with a branch of Barclays Bank, and all moneys received by the registrar on behalf of the Council shall be deposited to the credit of such account.

74. The registrar shall keep books showing all receipts and expenditure of the Council, and such books with supporting vouchers shall be submitted for audit as soon as possible after the end of December in each year.

75. Except as provided hereunder, all payments on the Council's account shall be made by cheque, drawn on the Council's banking account and signed by the treasurer and registrar, on behalf of the Council, or in the absence of either by a member of the Council nominated by the chairman and either the treasurer or the registrar, whoever may be available.

